

KOERSVAS

Jaargang 3

Uitgawe 63

22 Mei 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Titaniese *faillissement*

Almal ken die verhaal van die SS Titanic. Dalk minder bekend is die fabel van NHKA-Titanic. Die fabel vertel van 'n skip wat gebou is, enig in sy soort, 'n familieskip, het ene Kieriestamper beweer. Onsinkbaar met staalwande van teologie. Die NHKA-Titanic het in die vaarwater van die lewe heen en weer gevaar. Mettertyd het al hoe meer familieledede afgeklim op plekke soos Australië, Engeland en ook ander waar die pigment-tekort familieledede werk kon kry.

Die NHKA self het opgetree asof daar 'n wolkkolom by dag en 'n vuurkolom by nag rigting en beskerming bied. Die Stuurman was bestendig en getrou, en die Titanic is met behulp van die lewensvaarwaterkaart (bekend as "Bybel") op die beproefde koers gehou. Sommige van die familie het hulle oor-geleerdheid verwerf en begin beweer hulle wil nie hulle verstand agterlaat wanneer hulle die Titanic betree nie. Opvallend, hierdie argument van "slim wees" is die eerste keer deur 'n slinkse slang tydens 'n ander stukkie geskiedenis gebruik. Nou ja, hierdie slimmes het aan die matrose-vakbond genaamd die Broeders behoort, alombekend as die Broederbond. Hulle het besluit hulle weet

beter as die Stuurman en het 'n geleidelike rigtingverandering begin bewerkstellig; 'n insypeling van die stuurkajuit, enjinkamer en ander plekke van menslike magsbelang. Politieke korrektheid en menslike beterswete was nou die ink op die kaart.

Sonder veel weerstand wou hulle 'n muitery beklank. 'n Gelowige groepie van die passasiers(deur die Bonders as lig-gelowig uitgekryt, met die bynaam Gelowiges), wat hulle oog op die Stuurman self gehou het, het die rigtingverandering opgemerk en gesien die skip stuur nou weg van die wolk-en-vuurkolom. Hulle het gewaarsku en gepraat. "Pasop, ons verlaat die Lugbeskerming." "Ons gaan nou die koue gevaarwaters van sosialisme en kommunistiese teologie in." Hulle Eietydse Getuënis is koudgelei en saam met die skottelgoedwater oorboord gegooi.

Die Bonders (matrose wat aan die Broeders behoort) het al meer hulle klandestiene maniere verruil vir openlike konfrontasie. "Ons het nie wonderwerke nodig nie, ons kan verbeter op die Ontwerper se eie ontwerp en bloudruk (Bybel), ons het al selfs nuwe bloudrukke (apokriewe) opgediep wat beter pas by ons denke." Die water het al kouer geword, die gevaar al hoe groter en die eise van die omgewing

onmoontlik. “Kom ons stuur vir die koördinate van 54/69”, het die Bonders besluit. Weer het Gelowiges gewaarsku en gemaan. “In daardie vaarwaters ontbreek teologie, die suur van humanisme gaan ons skip se wande deurvreet.” Met teologies-blinde oë het die Bonders die vaarwaters deur die verkyker bespied en het hul met versigtige persverklarings die waters getoets.

Toe tref die NHKA-Titanic die ysberg wat by koördinate 54/69 lê en wag het. Die Titanic het begin sink. Die passasiers was dit eens dat iets groots gebeur het. Hulle het nie geweet wat dit was of wat die aard van die skade sou wees nie. Daar is vergaderings gehou, briewe geskryf en nogmaals briewe geskryf. Die Bonders en hulle meelopers het by herhaling die passasiers verseker: “Niks het verander nie. Niks het gebeur nie. Alles is soos dit was. Ons Titanic kan mos nie sink nie!” Die Gelowiges wat hulle oog op die Stuurman gehou het, het hul goedjies in die reddingsbootjies gelaai. Hulle wou aan boord bly, maar het die gevare duidelik raakgesien. “Kom ons kry die skip uit hierdie gevaarwaters, die skip kan nog bruikbaar gemaak word, ons mag net nie in hierdie vernietigende suur bly vaar nie.”

Hulle pleitdooie het op dowe ore geval. Die Bonders was vreeslik ingenome. Op die deuntjie van “Liefdegroete” het die orkes die wondere van die onsinkbare NHKA-Titanic bespeel. Die Gelowiges het op die reddingsbootjies geklim en begin wegvaar. “Bring terug, o bring terug, o bring terug die bootjies vir ons, vir ons”, het die Bonders bokant die ritmiese orkes uitgeroep. “Hier is niks fout nie, alles is soos dit nog altyd was.” Toe draal die deuntjie na ondertone van Vat-jou-goed-en-trek. “Gee terug ons

eiendom, daar staan NHKA-Titanic op die bootjies. Julle kan terugkom, maar dan moet julle inval by ons fluite en erken niks is fout nie!”

Die Gelowiges het geweier om terug te draai. “Ons het saam hard gewerk vir hierdie reddingsbootjies. Wat beteken dit immers op ‘n sinkende skip? Ons gebruik die bootjies goed. Die NHKA-Titanic behoort per slot van sake aan die Eienaar en ons het ‘n verpligting teenoor Hom. Dalk was die reddingsbootjies juis vir ‘n tyd soos nou!”

Op die NHKA-Titanic speel die orkes steeds. Die vals note bou op na ‘n *crescendo*, al hoe meer van die familie-lede neem geloofspronge. Sommige met, ander sonder reddingsbootjies. Onself-sugtig gooi die Gelowiges reddingsboeie vir hulle uit. “Gmf. Solank hulle net die bootjies agterlaat, is ons tevrede hier op die skip. Ons werk self die pad uit. Ons hou ons oë op die slim Bonders gerig. Hulle sal die pad voorskryf.”

Die Selfstandiges roei in hul reddingsbootjies. Dit lyk asof daar weer ‘n rook-en-vaar-kolom hulle begelei.

BERIGTE

• NPO nommer

Na versoeke in die verband, plaas ons weer hierdie berig: Die Finansiële komitee het uiteindelik daarin geslaag om die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) as ‘n nie-winsgewende organisasie te registreer. Baie geluk en baie dankie in die besonder aan die persone wat met groot moeite dit vermag het. Wat beteken dit vir die GHG? As ‘n PBO (Public Benefit Organisation – die SARS aanwysing), is ons geregtig daarop om skenkings belastingvry te ontvang. Hierdie sertifikaat

bevestig amptelik ons status, en meer. Die skenkers trek nou ook voordeel uit enige skenking wat hulle maak. Enige persoon wat 'n skenking aan 'n NPO maak, is geregtig daarop om dit as 'n aftrekking van sy belasting te eis. Met ander woorde 'n skenking aan 'n NPO verminder die bedrag waarop die skenker uiteindelik belas sal word.

Skenkers kan tot 10% van hulle belasbare inkomste aan NPO-groepe skenk. Dit geld enkelinge en besighede of maatskappye. Aan die einde van 'n finansiële jaar reik die NPO 'n Artikel 18a sertifikaat uit, en dié word dan saam met die belasting dokumentasie aan die Ontvanger gestuur.

Ons glo hierdie verwikkeling gaan daartoe bydra dat ons regsfonts nog vinniger groei as wat hy reeds gegroei het. By voorbaat dank ons u vir die skenkings wat gaan instroom. Onthou om aan te dui dat u 'n sertifikaat gaan verlang aan die einde van die finansiële jaar.

Die GHG se nommer is: **151 - 878 NPO**

KENNISGEWINGS

- **Geloofsbondkwilt vir Teologiese Opleidingsfonds**

Die dames van die GHG wil hulle finansieël ontferm oor die Bond se teologie studente. Vir die doel word die uitloot van 'n hand-gemaakte kwilt beplan. Alle gemeentes moet asseblief seker maak dat hulle die inligting aan hulle Damesaksies sirkuleer het re die saamwerk van elke gemeente aan die geskiedkundige 100-blok kwilt. Maak seker u het die nodige inligting ontvang. Daar is reeds twee e-posse re die kwilt uitgestuur. Indien u nie al die inligting het nie of graag wil deelneem, kontak vir Ina Steenkamp by 082 908 2881.

- **Bondsvergadering.**

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer. Alle kommentaar word verwelkom.

- **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.
- Schweizer-Reneke se basaar 30 Mei.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
- Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252

• **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

ella@teamworkprinters.com

geloofsbond.co.za

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet beskikbaar. <http://www.geloofsbond.org.za/>

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.

Fondsinsameling
Hervormde Kerk Vaalwater
 Wen 'n
 CZ550 .375 Holland & Holland Jaggeweer
 ter waarde van R25000-00
Kaartjies @ R200-00
 Kontak Hester by 079 528 6712 of
 rvzguns@telkomsa.net vir besonderhede
 Kaartjies is ook elektronies verkrygbaar
 Trekking vind plaas op 12 September 2015